



## DKES WES-KAAP DOEN 'N BEROEP VIR AANSOEKE VIR JAARLIKSE PROJEKBEFONDSING VIR 2024/25

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) nooi geregistreerde kuns- en kultuurorganisasies en instellings, kunstenaarsgroepe, individue wat by artistieke uitdrukkings betrokke is en maatskappye wat kuns- en kultuurgeleenthede organiseer om hul aanlyn aansoeke vir projekbefondsing vir die 2024/25-boekjaar in te dien. Alle aansoekers moet Suid-Afrikaanse burgers wees wat in die Wes-Kaap woon.

Uitkomstes moet duidelik verwoord word, omdat dit die grootste oorweging sal wees of die projek ondersteun gaan word of nie.

### Aansoeke word vir projekte/programme binne die volgende befondsingskategorieë aangevra:

BEFONDSINGS KATEGORIE	PROJEK/PROGRAM	BEFONDSINGSUITKOMS
1. Geslags-responsiwiteit	Kuns- en Kultuurprogramme/-aktiwiteite wat gestruktureer is om vroue te bemagtig en aspekte van geslagsgeweld aan te spreek.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geslagsresponsiwiteit is 'n toestand van erkenning en 'n reaksie op geslagsongelykheid in die implementering van aktiwiteite en programme.</li> <li>Programme wat geslagsgebaseerde hindernisse aanspreek, geslagsverskille respekteer en strukture, stelsels en metodologieë in staat stel om sensitief teenoor geslag te wees.</li> <li>Verseker geslagspariteit as 'n breër strategie om geslagsgelykheid te bevorder en sodanig te ontwikkel om gapings te verklein en geslagsdiskriminasie uit te wis.</li> </ul>
2. Kultuurtoerisme	Feeste, insluitend rolprent- en letterkundige feeste, reisproduksies en uitstallings.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Werkskepping deur die kunste.</li> <li>Geleenthede wat binne die bedryf vir gemarginaliseerde groepe geskep word, veral vir vroue.</li> </ul>
3. Boeke en die Drukpers	Die skryf van gedigte, skrywerstoelae, kreatiewe skryfwerk, outobiografieë, kinderliteratuur, volksverhale, kortverhale, boekskoue, letterkundige tydskrifte, publikasiesubsidies vir uitgewers.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ontwikkel en bemoedig nuwe skrywers.</li> <li>Bevorder kreatiwiteit.</li> <li>Bewaring en rekord hou.</li> </ul>
4. Oudiovisueel	Rolprent en video, televisie en radio, klankopnames, spotprente.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Innovering.</li> <li>Produkte vervaardig – positiewe boodskap oor maatskaplike kwessies.</li> <li>Opvoedings- en opleidingswaarde.</li> </ul>
5. Ontwerp en Kreatiewe Dienste	Grafies – animasie- en multimedia-ontwerp, mode-ontwerp.	<ul style="list-style-type: none"> <li>Oorspronklike werke uniek aan die Wes-Kaap</li> <li>Innovering.</li> <li>Oordrag van vaardighede</li> </ul>

6. Nuwe Werke	Enige dissipline of medium weerspieëlend van kulturele en inheemse kunste.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toenemende bewustheid en kennis.</li> <li>• Inklusiwiteit.</li> <li>• Kulturele bewusmaking, bevordering en bewaring.</li> <li>• Toon 'n waardering van en respek vir kulturele uitdrukkings.</li> </ul>
7. Multidissiplinêr	'n Artistieke aktiwiteit wat twee of meer kunsvorms of dissiplines insluit.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Innovering.</li> <li>• Medeskepping en oordrag van vaardighede.</li> </ul>
8. Vertoning en Viering	Koreografiese werke, tegniese opleiding, die skryf van tekste, sirkus, dans, optredes, komedie, toorkuns, mimiek, poppespel, digkuns, toneelstukke, storievertellings, musiekteater, musiekonderrig/-komposisies/-konferensies/  -verwerkings ens.	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Blootstelling en die identifisering van talent.</li> <li>• Opleiding in vaardighede en kunsonderrig.</li> <li>• Die skep van werkseleenthede.</li> <li>• Verhoog deelname vir aangewese groepe.</li> </ul>
9. Visuele Kunste en Kunsvlyt	Skilder, teken, keramiek, kunsvlyt, fotografie en beeldhouwerk	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Werkskepping deur die kunste.</li> <li>• Die oordrag van vaardighede.</li> <li>• Innovering.</li> </ul>

## Aansoekproses

**Alle aansoeke en ondersteunende dokumente moet aanlyn ingedien word.** Die aansoekvorms kan slegs aanlyn by <https://www.westerncape.gov.za/cas> verkry word en navrae in verband met die proses kan gerig word aan **Fareedah Hunter**, by [Fareedah.Hunter@westerncape.gov.za](mailto:Fareedah.Hunter@westerncape.gov.za) of **Daylene Wydeman** by [Daylene.Wydeman@westerncape.gov.za](mailto:Daylene.Wydeman@westerncape.gov.za)

Dit is die aansoker's se verantwoordelikheid om betyds aansoek te doen en op die Departement se webtuiste hulself van befondingsaansoeke se spertye en die aansoekproses vertrou te maak.

**Aansoeke sluit op Vrydag, 8 Maart 2024 om 16:00. Die aanlynstelsel sal nie laat aansoeke aanvaar nie.**

### Neem asseblief kennis:

- **Befondsing is beperk. Die tydige indiening van 'n voltooide aanlyn aansoek waarborg nie befondsing nie.**
- **Geen aansoeke wat per faks of e-pos ingedien of met die hand afgelewer word, sal aanvaar word nie.**
- **Slegs een aansoek per organisasie/individu/maatskappy, word toegelaat.**